



Verwysing: 20161117-6226  
9/1/2/231  
Navrae: DR HA BRAND

Omsendbrief: 0050/2016  
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde:  
Kurrikulumkoördinerings- en -advies, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Vakadviseurs en  
Prinsipale van alle openbare skole

Kort opsomming: Professionele ontwikkeling wat eLeer betref

**Onderwerp: Professionele ontwikkeling wat eLeer betref**

1. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) gee hiermee sy dankbaarheid en opregte waardering te kenne vir die manier waarop skole en onderwysers prosesse, wat verband hou met die bekendstelling van die eLeer-spelwysiger, aanvaar het. Die WKOD het 'n opwindende rigting aangepak waar digitale infrastruktuur mettertyd aan skole (bv. LAN, WAN, sagteware en hardeware) en professionele ontwikkeling aan onderwysers en prinsipale voorsien word om die verhoogde gebruik en integrasie van eLeer te verseker om die gehalte van onderrig en leer te versterk.
2. Hoewel die WKOD sy rol sal speel om hierdie proses te lei en te bestuur, hang die sukses van hierdie inisiatief af van die leierskap op skoolvlak. Prinsipale en die bestuur by skole moet 'n geskikte omgewing skep waarin onderwysers die moontlikhede sal ondersoek en gebruik wat deur digitale tegnologie gebied word om leerders se begrip te verdiep op maniere wat aandag aan verskillende vlakke van intelligensie en kontemporêre kommunikasiemediums skenk.
3. Prinsipale en onderwysers wat verantwoordelikheid aanvaar vir die benutting van elke geleentheid om hulself professioneel te ontwikkel om die doeltreffendheid van skoolbestuur, klaskameronderrig en skoolgebaseerde assessering te verbeter, is die kern van hierdie proses.
4. Ten einde prinsipale en onderwysers te ondersteun terwyl hulle professioneel groei, het die WKOD 'n ontwikkelingsrigting ontwikkel wat uit vyf bevoegdheidsvlakke bestaan.

5. 'n Verskeidenheid ontwikkelingsprogramme is met hierdie vlakke in ooreenstemming gebring vanwaar onderwysers en prinsipale kursusse kan identifiseer en kies wat hul huidige vlak van tegnologiese vaardigheid en hul vermoë om dit met hul lesse of skooladministrasie en bestuur te integreer, sal verbeter.
6. Die volgende sal onderwysers ondersteun om die beste professionele ontwikkelingsbesluite te neem:

### **6.1 Bevoegdheidsassessering**

- 6.1.1 Daar word in die vooruitsig gestel dat alle onderwysers hul eie bekwaamheidsvlak bepaal deur 'n bevoegdheidsassessering wat op 'n tafelrekenaar of 'n selfoon gedoen kan word.
- 6.1.2 Sodra die bevoegdheidsassessering afgehandel is, sal onderwysers oor hul bevoegdheidsvlak ingelig word. 'n Lys met moontlike kursusse om die onderwyser se vaardighede verder by te werk, sal vir oorweging verskaf word.

### **6.2 Opleiding**

- 6.2.1 Kursusse sal deur die Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituut (KOLI), Sentrum vir eInnovasie (Cel), Hoofkantoor en distriksvakkundiges aangebied word. Hierdie kursusse en die tersaaklike inskrywingsprosedures sal deur hierdie entiteite oorgedra word.
- 6.2.2 Private en korporatiewe entiteite, soos Microsoft en Google en ander, het ook uitstekende programme vir oorweging beskikbaar.
- 6.2.3 Kursusse word normaalweg ontwikkel sodat deelname van aangesig tot aangesig, aanlyn of 'n kombinasie van albei is. Die toepaslike metodes waarvolgens die kursusse aangebied sal word, sal aangedui word. Dit is belangrik dat onderwysers hul eie ontwikkelingsrigting, gebaseer op hul individuele behoeftes, saamstel en nie sommer enige aanbieding bywoon sonder om eers te oorweeg of dit nie 'n herhaling van vorige aanbiedings is nie.

### **6.3 Klaskameraktiwiteite en ontwikkelingsprogramme**

- 6.3.1 Aanvanklik behoort onderwysers te fokus op die verwerwing van die nodige tegnologiese vaardighede om rekenaars te verstaan en sagtewareprogramme te gebruik.
- 6.3.2 Die behaling van enige tegniese vermoënsvlak beteken egter nie dat hierdie vaardigheid outomaties in die klaskamer vir onderrigdoeleindes toegepas kan word nie.

6.3.3 Onderwysers moet dus willens en wetens eksperimenteer, leiding soek en tegnologiese vaardighede met pedagogiese vaardighede kombineer om die onderrig-en-leer-ervaring daagliks te versterk.

## **7. Registrasie**

7.1 Onderwysers sal tydige inligting ontvang oor die beskikbare kursusse wat hulle kan neem om hul vaardigheidsontwikkeling en die toepassing daarvan tydens klasonderrig te versterk.

7.2 Dit sal ook prosedures vir registrasie insluit.

## **8. Akkreditasie en Voortgesette Professionele Onderwyserontwikkeling- (VPOO) krediete**

Onderwysers behoort seker te maak dat 'n spesifieke kursus vir VPOO-krediete geakkrediteer is voordat enige professionele ontwikkelingsaanbieding plaasvind. Organiseerders behoort hierdie inligting duidelik oor te dra.

## **9. Bekendstellingsprosesse**

Die voorsiening van professionele ontwikkeling aan onderwysers en prinsipale is 'n uitdagende proses. Skole moet dus begrip toon vir die benadering om professionele ontwikkeling in 'n beplande proses aan spesifieke teikengroepe bekend te stel.

10. Ten laaste, hulde aan ons skole, prinsipale en onderwysers vir elke poging wat u aanwend om 'n nuwe wêreld vir onderrig en leer vir ons leerders te skep om die beste opvoedkundige geleenthede vir die toekoms te verseker.

**GETEKEN:** BK SCHREUDER

**WAARNEMENDE HOOF: ONDERWYS**

**DATUM:** 2016-11-26